



Waterbestuursprogram vir opgaardamme.

Die pakette vir die bestuur van opgaardamme is ontwikkel om 'n meer bekostigbare produk met 'n beter eindresultaat daar te stel. Om te kwalifiseer vir 'n bestuurspakket moet die bestelling groter as 150 visse wees. Pakette word in drie kategorië verdeel:

- A. Privaat plaasdamme waar die dienste van 'n omgewingskonsultant nie benodig word nie.
- B. Privaat en openbare damme en stelsels waarop daar impakstudies moet gedoen word, of die hulp van 'n omgewingskonsultant benodig word vir die samestelling van uitplasingsmodelle en verkrygingsprosesse.
- C. 'n Groep landbouprodusente wat aan 'n besproeiingsskema behoort en gesamentlik 'n bestuursprogram implimenteer.

Vir die eersgenoemde kategorie is die stappe as volg:

1. Voltooi die aanlyn vraelys te www.graskarp.co.za
2. Die uitplasingsmodel en kwotasie word aangestuur vir goedkeuring.
3. Die model en kwotasie word aanvaar en 'n kontrak gesluit.
4. Die permitproses word begin. (Dit kan langer as 3 maande duur.)
5. Uitreik van permitte
6. Jaar 1
 - a. Betaling van 'n 50% deposito word opgevolg met die lewering en uitplaas van die aanbevole vis.
 - b. Fotos word van die dam met uitplasing geneem en aangestuur .
 - c. Aanvullende kommentaar t.o.v. die bestuur van die dam word gelewer.

7. Jaar 2

- a. Fotos word weer geneem van presies dieselfde gedeelte van die dam en aangestuur.
- b. Betaling van 25% van die kontrak koste.
- c. Terugvoer t.o.v. die vordering met die beheer van die watergrasse

8. Jaar 3

- a. Fotos word weer geneem van presies dieselfde gedeelte van die dam en aangestuur.
- b. Evaluering van die resultaat.
- c. Die oorweging van korrektiewe stappe indien nodig.
- d. Betaling van die 25% restant.

Vir die duur van die leeftyd van die graskarp kan die bestuurspan geskakel word vir addisionele advies en inligting sonder enige verdere koste.

Vir kategorie B aansoeke is die proses dieselfde as kategorie A. Stap een sal net vervang word met 'n konsultasieproses deur 'n waterbestuurskundige.

Vir kategorie C aansoeke sal die proses dieselfde wees as vir kategorie B, om die onderskeie behoeftebepalings en uitplasings vir die onderskeie plase te konsolideer en koördineer.